

My naam is...

Die waarde van ’n naam

- **Ek is Esau! -** ’n Vals *label*

  Genesis 32
  27 Toe vra die man: "Wat is jou naam?" en hy antwoord: "Jakob."

  - Die invloed van ander
  - Handgemaak

- **Om in die spieël te kyk** – ’n Oomblik van waarheid

- **Imago Dei** – ’n Nuwe *label*

  Genesis 1:26-27
  26 Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." 27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

- **Die Bybel – Die storie van ons nuwe naam** (Gen 32:28; 1 Joh 3:1)

  Genesis 32
  28 Die man het gesê: "Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel

  1 Johannes 3
  1 Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook.

  Johannes 3
  30 Hy moet meer word en ek minder.

  Hosea 8
  Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.

  2 Korintiërs 3
  18 Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.

Vrae om oor na te dink:

1. Dink na oor jou naam. Wat beteken jou naam vir jou? Wie is jy in jou eie oë?
2. Dink na oor die mense, gebeure en omstandighede wat jou gevorm het. Wie of wat het die grootste invloed gehad op jou karakter, hetsy positief of negatief?
3. Watter *labels* plak ander graag op jou? Waarom dink jy is dit die geval? Watter effek het dit op jou menswees?
4. Watter vals *labels* vanuit die wêreld rondom ons plak jy graag op jouself? Waarom? Watter effek dink jy het dit?
5. Op watter wyse kan jy met Jakob se verhaal identifiseer?
6. Gaan kyk lank na jouself in ’n spieël. Wees met God eerlik oor wie en wat jy geword het. Bid dat Hy die Jakob in jou aan jou sal wys.
7. Wat beteken vir jou om na God se beeld gemaak te wees?
8. Hoe kan hierdie nuwe *label* jou help om met nuwe oë te kyk na jouself?
9. Hoe kan dit jou help om nuut te kyk na ander mense?
10. Praat met God oor die innerlike verandering waarmee jy geseën wil word. Wat moet verander in jou lewe?
11. Bid dat God deur sy Gees sy liefde vir jou sal bevestig. Bid dat jy meer bewus sal raak van God se beeld in jou.
12. Hoe kan jy deur die lees van die Bybel meer bewus raak van ’n God se *label* vir jou?